



LYDENSTYD



GEBEDSBRIEF

Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

21 Februarie 2021



Besoek ons **WEBTUISTE**: www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Ons vier op die oomblik die belangrikste deel van die kerkjaar nl. Lydenstyd. Lydenstyd . begin met die Sondag van Verheerliking en Aswoensdag daarna. Daarna volg sewe Lydenssondae voor Goeie Vrydag. Die dieptepunt van Lydenstyd word tydens die Groot Lydensweek, Goeie Vrydag, Swart Saterdag en Paassondag bereik.

Die groot Lydensweek word vooraf gegaan deur Palmsondag en loop uit op die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die mensdom: Opstandingsondag en Paasfees!

Lydenstyd word gekenmerk deur verootmoediging, gebed, vas en die versorging van die armes. In Lydenstyd herdenk ons die tyd van Jesus se voorbereiding vir sy bediening waartydens Hy verskeie versoekings weerstaan het.

Dit is die voorbereiding en aanloop tot die viering van Christus se verlossingswerk aan die kruis en die nuwe lewe wat deur sy opstanding moontlik gemaak is. Ons word herinner daaraan dat die Een wat gekom het om te ly en te sterf aan die offerhout, ook die Koning van die heelal is.

Lydenstyd roep Christene op tot introspeksie, selfondersoek en bekering. Daarom word Lydenstyd gesien as 'n tyd van gestrooptheid en eenvoud waar elke gelowige op jou persoonlike verhouding met God fokus. Dit is ook die tyd waarin ons terugdink aan ons eie doop wat Jesus se afwassing van ons sonde deur sy kruisdood en die nuwe lewe wat Hy aan ons skenk in en deur sy opstanding simboliseer.

Die kleur van lydenstyd is gewoonlik pers – die kleur van lyding, maar daar is dae waarop 'n ander kleur gebruik kan word. Op Palmsondag en tydens die Groot Lydensweek is die kleur dieprooi, op Donderdagaand, vir die viering van die instelling van die nagmaal, is dit wit.

Aswoensdag (laas Woensdag) se kleur was grys en op Goeie Vrydag kan swart/grys gebruik word, of selfs geen kleur met net die natuurlike en aardse kleure van die hout en/of steen wat oorheers.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Ds. Ernest Horn 09:00	Ons is meer werd as mossies	<u>Matteus 10:29</u> “Is twee mossies nie vir ‘n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie!
Ds Kosié Loots 09:00 Soetdoring	Petrus verloën Jesus	<u>Lukas 22:61-62</u> Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val dit Petrus by wat die Here vir hom gesê het: Voordat die haan vannag kraai, sal jy My drie maal verloën”. En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.
Dr Nelius Steyn 18:00 https://youtu.be/CNznw2cUOgc	Nou, wat nou?	<u>Romeine 8:31:</u> Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?

CORONA GEBED:

Bid vir ons land en die wêreld: 111 333 461 mense het wêreldwyd die virus opgedoen. 86 245 333 (77.47%) het gesond geword en 2 465 542 het gesterf (2.1%). Daar is al 200 650 606 mense wêreldwyd inge-ent! In Suid-Afrika het 1 500 677 mense dit gekry, 48 859 gesterf (3,26%) en 1 406 907 (93,75%) gesond geword. Daar is ook al 6 542 mense inge-ent. (Stats @ Sat 20/02/21 16:00).

Bedroefdes

Renee le Roux, Hansie Bredenhann en familie met die afsterwe van hulle broer Dirk Bredenhann. Mitzie, Tertia en Evert du Toit, Deidre Stols, Michelle Harding en hulle familie met die afsterwe van eggenoot en vader, Pieter du Toit.

Offergawes en Loffer

Dankie aan almal wat getrou 'n offergawe gee. Ons leef in moeilike tye waar die gemeenskap en gemeente swaar trek.

U kan u dankoffer EFT of skandeer met Zapper of in 'n erediens of in 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Bid asb. vir die finansies van ons gemeente en gemeenskap.

Ons bankbesonderhede: NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjekrekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville tak 336945.



Willie en Jaco de Lange en Corlia Kruger en hulle familie met die afsterwe van hulle moeder Ria de Lange.

Eredienste in Fase 3 van Inperking

Eredienste word oopgestel van vandag af met die nodige protokolle in plek. Daar mag ook nie op die oomblik huweliksbevestigings plaasvind nie. Daar kan wel begrafnisse gehou word tot met 'n maksimum van vyftig persone. Sanitering, sosiale afstand, maskers en registers is verpligtend. Skakel die kerkkantoor (Ninette) by 082 829 2062 om plek te bespreek by die kerkgebou, maar Soetdoring kan die inwoners wat wil kom, sonder besprekings hanteer.

Ons dank die Here vir hedendaagse tegnologie, want dit impliseer dat ons regstreekse uitsendings van begrafnisse en eredienste kan uitsaai, asook videos op youtube kan laai en klankbane kan opneem en uitstuur.

Ons werk daaraan dat ons vermoë om eredienste op te neem en uit te saai, sal groei en is ook van plan om, selfs wanneer die inperking gelig word, daarmee voort te gaan.

Dankie aan elkeen wat dit moontlik maak! Kom ons bid dat ons eredienste vir almal, of jy dit fisies of virtueel beleef, tot seën sal wees en dat God bo alles geëer sal word!

Kategese: Junior kategese: Die Junior Kategese (Voorskool tot Gr4) registreer vandag en hierdie week aanlyn. Ons gaan in samewerking met die ouers die Sewe Familiegewoontes hanteer en plaas 'n skakel op die gebedsbrieff asook ons ander media waarmee u u voorkeur kan meld en ook kan registreer.

Ons kan nie soos normaal die kategese hanteer nie, en vertrou dat hierdie metododiek vir ons almal tot voordeel sal wees. Vul asb. u en u kind se besonderhede op die aanlynvorm in, en ons sal eersdaags met u in verbinding tree. Die skakel is <https://forms.gle/qu4VYuyX6i2GVHn87>. Indien dit nie werk as u daarop klik nie, vul dit net so in Google in en voltooi asb. Navrae dr. Nelius Steyn (082 890 8820), Elize Steyn (062 234 5759) of Elane Sassenberg (072 974 1864).

Senior Kategese: Die seniors (Gr5-11) moet aanlyn inskryf by https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc6V1wJEvn6iOTPEdjj3zXFDtyAsB6rBYFCaMtXh4YjJxqQA/viewform?usp=sf_link. Die belydenisgroep van laasjaar moet asb. vir dr. Nelius Steyn (082 890 8820) of Elane Sassenberg (072 974 1864) kontak.